TAX EXEMPTION
UNIT

Kantoor
Pretoria

Navrae
ME L. HAZELHURST

Telefoon
(012) 422 4935

Faks
(012) 422 4952

Kamer
AG 40

Verwysing
18/11/13/472

Datum
2003 -03- 20

Suid-Afrikaanse Inkomstediens

SAID: TEU
Posbus 11955
Hatfield
0028
SAID online: www.sars.gov.za
Telefoon (012) 422 4000
Faks (012) 422-8830

Die Bestuurder
Sunfield Wellington
Posbus 824
WELLINGTON
7654

Geagte Meneer

VRYSTELLING VAN INKOMSTEBELASTING EN GOEDKEURING INGEVOLGE ARTIKEL 18A: SUNFIELD HOME WELLINGTON

Ek skryf met verwysing na u faks gedateer 18 Maart 2002.

1. Dit word bevestig dat:

   1.1 die maatskappy as 'n openbare weldaadsorganisasie ingevolge artikel 30 van die Inkomstebelastingwet goedgekeur is en dat die ontvangste van en toevallings aan die bogemelde instelling vrygestel is van inkomstebelasting ingevolge die bepalings van artikel 10(1)(cN) van die Inkomstebelastingwet (die Wet);

   1.2 die openbare weldaadsorganisasie goedgekeur is vir doeleindes van artikel 18A(1)(a) van die Wet en skenkings aan die openbare weldaadsorganisasie sal aftrekbaar wees in die hande van die skenker ingevolge en onderhewig aan die bepalings voorgeskryf in artikel 18A van die Wet;

   1.3 skenkings deur of aan die openbare weldaadsorganisasie van belasting op geskenke ingevolge artikel 56(1)(h) van dieselfde Wet vrygestel is;

2/...

1.4 Testamentêre bemakings of toevallings uit bestorwe boedels ten gunste van die openbare weldaadsorganisasie van die betaling van boedelbelasting ingevolge artikel 4(h) van die Boedelbelastingwet, (Wet 45 van 1955) vrygestel sal wees;

1.5 Ingevolge artikel 4(1)(f) van die Wet op Seëlregte, 1968, sal die openbare weldaadsorganisasie vrygestel wees van seëlreg ten opsigte van enige stuk wat deur of ten behoewe van die openbare weldaadsorganisasie verly word, indien die seëlreg daarop wettiglik deur die openbare weldaadsorganisasie betaalbaar sou wees en gedra sou moet word; en

1.6 Die openbare weldaadsorganisasie vrygestel is van die betaling van vaardigheidsontwikkelingsheffings ingevolge artikel 4(c) van die Vaardigheidsontwiikkelings Heffing Wet Nr. 9 van 1999.

2. Dit word onder u aandag gebring dat die betrokke vrystellings en goedkeuring onderhewig is aan die volgende voorwaardes:

2.1 Jaarlikse opgawes, tesame met finansiële state sowel as volledige besonderhede van kwitansies wat uitgereik is ten opsigte van aftrekbare skenkings ingevolge artikel 18A, en hoe hierdie skenkings aangewend is, moet ingedien word by die Hoof: Tax Exemption Unit.

2.2 Die volgende besonderhede moet aangedui word op die kwitansies wat ingevolge artikel 18A uitgereik word:

2.2.1 die verwysingsnommer van die openbare weldaadsorganisasie wat vir die doeleindes van hierdie artikel deur die Kommissaris uitgereik is (soos aangedui op hierdie brief);

2.2.2 die datum van ontvangs van die skenking;

2.2.3 die naam van die openbare weldaadsorganisasie wat die skenking ontvang het tesame met 'n adres waartoe navrae in verband daarmee gerig kan word;

3/...

2.2.4 die naam en adres van die skenker;

2.2.5 die bedrag van die skenking of die aard van die skenking (indien nie in kontant gedoen nie); en

2.2.6 'n sertifisering ten effekte dat die kwitansie uitgereik word vir die doeleindes van artikel 18A van die Inkomstebelastingwet, 1962, en dat die skenking uitsluitlik vir die doeleindes van die betrokke openbare weldaadsorganisasie gebruik is of sal word.

2.3 Die openbare weldaadsorganisasie sal, die stigtingsdokument wysig om aan die bepalings van artikel 30 te voldoen voor 15 Julie 2006 of wanneer 'n wysiging aan die dokumente aangebring word, welke datum eerste geskied.

2.4 Die vrystellings wat in paragraaf 1 hierbo verleen is, is daaraan onderhewig dat hulle jaarliks oorweeg word by ontvangs van finansiële state.

Die uwe

Lynette Hazelhurst
n. HOOF: TAX EXEMPTION UNIT
2617B/MEB